POLKADRAAI-INWONERS ONTSTELD

Kweekhuise pla steeds

SAMANTHA VAN DEN BERG

DIE stof het nog nie gaan lê ná die oprigting van die berugte kweekhuis-ontwikkeling op die Polkadraaipad nie. Inwoners in die omgewing dring steeds daarop aan dat Stellenbosch Munisipaliteit die kweekhuise afkeur.

Die Zetler-familie het reeds in Januarie 2010 begin om kweekhuise vir hul aarbeilanderye langs dié pad op te rig, hoewel hulle nie by die Munisipaliteit daarvoor aansoek gedoen en geen goedkeuring vir die ontwikkeling gekry het nie.

Die Zetlers huur die grond by Jannie Joubert en sy broer Lukas van Beau Joubert Vineyards & Winery.

Wynboere in die omgewing, wat intussen die Polkadraai Hills-vereniging gestig het, kla egter dat die kweekhuise die wynlandskap ontsier en verskeie regulasies oortree.

Die Munisipaliteit het egter eers op 25 Junie vanjaar 'n kennisgewing aan die Zetlers, asook die Jouberts, uitgereik om binne 30 dae skriftelik aansoek te doen. Die ontwikkeling was toe reeds voltooi.

Op die Polkadraai-webwerf, www.polkadraaihills.co.za, stroom kommentaar oor die kweekhuise steeds in en tot buitelanders spreek hul misnoeë uit. "Eyesores such as these are the thin end of the wedge and the authorities must uphold the law. We love the Cape Winelands for their beauty, their produce and their nature respecting people. Please don't destroy them for those who live and work in them, or for those who treasure their visits to them," skryf Richard Stovin-Bradford, van Londen.

Jasper Raats skryf: "Pas mooi in by die berg (vullishoop) wat die munisipaliteit by Devon Valley oprig. Experts in killing the goose that lay the golden eggs."

David Trafford voeg ook die volgende by: "It seems hugely unfair that one has to go through an exhaustive approval process to build a little winery, while hectares of land are transformed overnight into an industrial park without much consideration."



Só lyk die tonnels van binne. Foto: **Samantha van den Berg**

Volgens Vernon Bowers, die munisipale woordvoerder, is die aansoek om goedkeuring reeds ingedien en word dit tans deur die stadsbeplanning-afdeling gehanteer. "Hulle sal al die besware evalueer voordat die aanbeveling na die raad verwys word. Hierdie proses sluit in die besware wat reeds geopper is en die betrokke partye sal ook skriftelik in kennis gestel word."

Eikestadnuus verneem egter dat nog uitbreiding in die kweekhuise goedgekeur is, maar die munisipaliteit kon teen druktyd geen nadere besonderhede gee nie.